## Algemene inligting

**Seunskoshuise:**

Huis Marcus (022) 714 1034/ 714 1040

Huis Jutten (022) 714 1032/ 714 1051

Superintendent (022) 714 4016 (Mnr. Melvin Edwards)

Matrone (022) 714 2833 (Mev. Christine Visser)

**Dogterskoshuis:** (Huis Malgas)

Superintendent (022) 714 1491/ Sel: 074 117 8939 (Mev. Engelbrecht)

Matrone (022) 714 3995 (Mev. M. Basson)

Skoolkantoor (022) 714 1244 (Mnr. C. Koegelenberg – Hoof)

Skool posadres Privaatsak X6, SALDANHA, 7395

### KOSHUISDOELSTELLINGS

Die koshuis vorm ‘n integrale deel van die skool en hul taak moet dus gesien word as ‘n voortsetting van die onderyws- sowel as die opvoedingsfunksie van die skool.

In die opvoedingstaak kan die koshuise die ouerhuise nooit vervang nie, dog die gesamentlike stewe moet weesom so na as moontlik aan die ideale situasie te kom. Die natuurlike ouer-kind-verhouding word as grondslag gebruik om ‘n gesindheid van onderlinge begrip en vertroue te skep.

Die daarstelling van ‘n huislike, ontspanne, dog gedissiplineerde atmosfeer moet geskep word sodat die vorming tot volwaardige burgersap sy belang hier kan vind.

Die strewe is om by die koshuisgangers ‘n sin vir waardes en normes te kweek wat gefundeer is op etiese beginsels en Christelike standvastigheid. Die koshuis sal nooit die ouerhuis in wese kan vervang nie, daarom word naweke oopgestel vir leerders, om waar moontlik, na hulle ouerhuise te gaan.

### TOELATING TOT KOSHUISE

Toelating van leerders tot koshuise word deur die skool self hanteer. Geen toelating word by die koshuise gedoen nie. Plasing van leerders in koshuise word slegs deur die Superintendent gedoen. Daar word gepoog om alle grade eweredig te verdeel tussen die drie koshuise.